Ons ken almal die liedjie "*Aai, aai, die witborskraai*".
Kraaie is baie intelligente voëls met 'n reputasie dat hulle blinkgoed steel.
Het jy geweet: Die **Huiskraai** is 'n baie aggresiewe uitheemse "indringer" en het 'n uiters negatiewe invloed op ons inheemse stedelike voëls asook op ander natuurlewe, en moet aktief beheer word.

Witborskraai *(Pied Crow)*	**Withalskraai** *(White Necked Raven)*	**Swartkraai** *(Black/Cape Crow)*	**Huiskraai** *(House Crow)*
			
Habitat -Kom wydverspreid voor. -Verskeidenheid habitats wat wissel van oop savanne tot digter bosveld met groot bome soos by plaasopstalle, natuurreservate asook voorstedelike tuine	**Habitat** -Hou van berg- en heuwelagtige terrein, veral waar daar kranse is om te broei. -Wanneer op soek na kos sal hul selfs stede binnegaan.	**Habitat** -Kom in verskeie habitats voor veral droër gebiede, wye oop grasvelde, half woestyn en droë struikveld soos die Karoo, Namakwaland en Boesmanland	**Habitat** -Kom voor in dorpe en stede wat wissel van die middestad tot voorstedelike tuine, plaas-opstalle en natuurreservate.
Dieet -Is 'n Omnivoor en vreet 'n wye verskeidenheid kos wat diere en plantmateriaal insluit. Word met die mens geassosieer en aas enigiets eetbaar.	**Dieet** -Ook 'n Omnivoor. Vreet byna enigiets nl. insekte, spinne-koppe, wurms ens. asook landlewende ongewerweldes -Hul aas ook van dooie diere.	**Dieet** -Is ook 'n Omnivoor, maar vreet minder aas as die witborskraai.	**Dieet** -Ook 'n aggresiewe Omnivoor wat selfs mense naby sy nes en kinders sal aanval om kos te steel. Dood ook mak voëls. -Stroop dikwels neste op soek na kuikens en saai verwoes-ting in broeikolonies van wewers
Verekleed, bou en snawel -Hoofsaaklik blinkswart met 'n wit bors, pens & kraag.	**Verekleed, bou en snawel** -Hoofsaaklik swart met slegs wit op sy nek agter, het 'n korter stert en 'n wit punt op sy groot swart snawel. -Is ook groter as witborskraai.	**Verekleed, bou en snawel** -Heeltemal pikswart, lyk byna soos die *uitheemse* Huiskraai. -Is effens kleiner as die witbors-kraai en sy snawel is relatief dun.	**Verekleed, bou en snawel** -Lyk op die oog af soos die in-heemse Swartkraai. -Word aan sy gryserige agternek, rug en bors uitgeken. -Kleiner as ander kraaie. -Hierdie Asiatiese kraai het hom in sommige kusdorpe gevestig.
Neste en Eiers -'n Plat struktuur met 'n effens verhewe randjie, van plant-materiaal. -Die wyfie lê tussen 1 - 7 eiers.	**Neste en Eiers** -Ook 'n plat struktuur met 'n effens verhewe randjie, van plantmateriaal. -Die wyfie lê tussen 2 - 5 eiers.	**Neste en Eiers** -Ook 'n plat struktuur met 'n effens verhewe randjie, van plantmateriaal. -Die wyfie lê tussen 1 – 6 eiers.	**Neste en Eiers** -'n Plat struktuur met effens verhewe randjie, van plantmate-riaal. -Die wyfie lê 2 - 5 eiers.
Kom gewoonlik voor in: -pare of in familiegroepe en word soms in klein swerms van min-der as 12 opgemerk.	**Kom gewoonlik voor in:** -pare maar hulle is gewoonlik alleenlopend, maar versamel tog soms in swerms.	**Kom gewoonlik voor in:** -pare maar versamel ook in swerms	**Kom gewoonlik voor in:** -pare wanneer hul broei maar versamel andersins in swerms wat wissel van 12 - 40 en soms selfs meer.

Inligting verkry: Intenet: www.outshoorn western cape info / Reinderd Visser – Terug na voëls van ons Kontrei
Saamgestel deur: H. Low (VLV –Acqua) Port Elizabeth